BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim® kweek moed en selfvertroue

Rudine Ferreira

Op 15 maande wou my seuntjie niks weet van loop nie. Hy het op twee verskillende geleenthede gewys dat hy wel kan loop, maar dit was asof hy net nie die moed gehad het om weer te probeer nie. Hy was bang vir alles en wou niks nuut probeer nie – of dit nou kos, speelgoed of nuwe mense was – hy het net geweier om te probeer.

Op 15 maande het 'n "goeie nag" beteken dat hy net 5 keer wakker geword het, meeste van die tyd moes ek tot 8 keer in die nag vir my kind moes opstaan. Dit het sy tol emosioneel en fisiek geëis.

Ek sien toe op Facebook van die BabaGim program en ek het dadelik met Rudine Ferreira, die naaste BabaGim Instrukteur, kontak gemaak.

Die eerste sessie waar die tassintuig aangespreek word was baie moeilik. My seuntjie was huilerig en ek kon sien hy was nie gemaklik met die nuwe omgewing en die baie kontak nie. Rudine het my aangemoedig om hom aan te hou masseer al is dit moeilik.

Die tweede sessie waar die vestubilêre sisteem geprikkel word was ook vir hom 'n uitdaging. Hy wou nie geswaai word in die handoek nie en mens kon die angs op sy gesiggie sien. Ons het die bewegings klein en naby die grond gehou. Ek moes ook die bewegings baie by die huis herhaal.

Teen die derde sessie was my seuntjie 'n ander kind. Hy het saam geruik en selfs geproe aan dit wat ons voor hom neergesit het, en sowaar na daardie sessie toe staan hy op en loop asof hy dit al vir maande lank doen.

Nou probeer my klein woelwater nuwe kosse, hy is opgewonde oor nuwe of onbekende speelgoed en ondersoek ALLES – 'n ware verkenner van sy wêreld. Selfs sy slaappatroon het verbeter na net 1 tot 3 keer se wakker word in die nag, en na 3 maande wat ek die oefeninge gereeld herhaal het, slaap hy nou deur die nag. Wat 'n verligting vir hierdie mamma!

Eers wou hy niks van tannie Rudine weet nie maar op die ou-end het hy haar plek op horings geneem en selfs uit sy eie op haar skoot gaan sit.

Dankie Rudine en BabaGim! Ek sien steeds daagliks hoe my kind ontwikkel en dit is te danke aan julle program. Ek beveel BabaGim aan vir elke mamma. Ek wens net ek het vroeër geweet daarvan, dit sou my lewe soveel makliker gemaak het.